

**13 September**

**Skrifgedeelte: Spreuke 28, 29**  
**Fokusgedeelte: Spreuke 2:9**

### **God se opdrag en God se belofte**

Spreuke 2:9 het twee dele: as jy aanneem wat ek jou sê (opdrag), sal jy insig kry in wat regverdig en reg en billik is en sal jy op die goeie pad bly (belofte). Die belofte rus in die opdrag. Die een is die resultaat van die ander. Die opdrag gryp terug na verse 1 tot 4. As jy doen wat in verse 1 tot 4 gevra word, sal jy weet hoe om God te dien (vers 5a). Jy sal ontdek wat dit is om God te ken (vers 5b). Jy sal insig kry in wat regverdig en reg en billik is (vers 9a). Jy sal op die goeie pad bly (vers 9b). Ons kan die orde ook omkeer. Jy sal nie weet hoe om God te dien, Hom te ken en insig te kry in wat reg is, as jy nie aanneem wat God in sy Woord sê nie. Hieruit blyk dat die mens nie self kan bepaal wat reg of verkeerd is nie. As God jou dit leer, het jy 'n goeie oordeel. Spreuke 1:2-6 sê wat die doel van die Bybel is. God wil jou die regte pad leer wat jy in jou lewe moet volg (Ps 32:8). God onderrig jou tot jou beswil (Jes 48:17). God se Woord gee kennis tot verlossing en 'n praktiese lewe in die verlossing (2 Tim 3:14-17). Wat leer God ons? Jy kry insig in wat *regverdig* is. Jy sal weet hoe jou optrede in ooreenstemming met God se wet moet wees. Jy kry insig in wat *reg* is en wat verkeerd is. Jy kry insig in wat *billik* is. Jy verkry die wysheid wat die vermoë is om die regte beginsels wat jy by God geleer het, prakties uit te lewe. Dan sal jy op die goeie pad bly soos in Psalm 1 belowe is. God leer jou die regte pad (Ps 25:8-9).

Sing: Psalm 119:12

Ds CN van der Merwe (Klerksdorp)